

# Ons Heilige plaasvervangende offer

Teks: Johannes 11: 49 - 57  
Teksvers: Johannes 11: 49 & 50

## 1. Inleiding

Is daar nie iets wat ek kan opoffer vir my verkeerde optrede nie? Iets anders wat ek kan afstaan as betaling vir dit wat ek verkeerd gedoen het? In die mens se sondige natuur wil ons maklik hierdie benadering volg. Dit is ook nie ongewoon in die geskiedenis nie, selfs wanneer ons ook nader in die Woord van die Here kyk. Ons sien byvoorbeeld in Jona 1, waar Jona geoffer word vir die skip en die res van die mense se oorlewing.

Op 'n manier voel dit selfs of die Here in die Ou Testament iets in hierdie lyn voorskryf, met die sondebok gebruik in Levitikus 16. En op 'n manier is Christus se sterwe ook 'n vervulling van hierdie gebruik. Dit is ons fokus vanoggend, waar ons bymekaar is om Goeie Vrydag te herdenk. Die dag waarop die Here ons gered het uit die ewige verdoemenis.

Want alhoewel 'n mens op die fisiese afgryslike gebeure van die kruisiging vandag kan fokus, lê ons fokus vanoggend bietjie elders. In plaas van om mekaar eenvoudig emosioneel op te sweep, deur die wreedheid van die kruisiging, soek ons vanoggend iets anders. Ons soek sin en rede in dit wat gebeur het 2000 jaar gelede. Die sin en rede wat dit vandag nog steeds jare later vir ons so waardevol maak.

Een verduideliking oor presies wat met die kruisiging gebeur vind ons in die uitspraak van die hoëpriester Kajafas. In ons teksgedeelte vandag profeteer hy die kern waarheid van die kruisiging van Jesus, sonder dat Hy dit eers regtig besef. Kom ons luister en ondersoek presies wat Kajafas sê as hy sê:

“Julle verstaan niks, <sup>50</sup>en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man

vir die volk sterwe en die hele nasie nie verlore gaan nie.”

## 2. Die sondebok konsep

Die term wat ons vandag goed ken as sondebok, is natuurlik afgelei uit die voorskrifte in Levitikus 16. In Levitikus 16 moes Aäron, afgesien van die sondeoffer en brandoffer, nog twee ander bokke van die volk ontvang. Nadat daar geloot is moes een bok aan die Here gewy word, en die ander in die woestyn ingestuur word. Die bok wat in die woestyn ingestuur is, is dan die sondebok gewees.

Die sondebok, en hele offer gebruik word natuurlik op 'n besondere wyse in Christus vervul. Want Sy liggaam aan die kruis is uiteindelik die volmaakte offer vir ons sondes. En onwetend, is dit presies wat Kajafas aan die res van die Joodse raad meedeel. Sien op die oog af lyk dit maar net of hy die sondebok konsep verduidelik. Sy uitlating : “Julle verstaan niks:” is as 'n ware 'n belediging vir die res van die raad. In ander woorde kan hy net sowel vir hulle sê, is julle so dom dat julle nie die sondebok plan kan raaksien nie.

Alhoewel Kajafas duidelik besig is met 'n profesie soos ons in vers 51 sien, besef hy dit nie, soos ons ook in vers 51 aflei. Vir hom is die onmiddellike gevaar die Romeine wat sekerlik enige opstand met geweld sal dooddruk. Jesus is dus vir hulle die persoon wat gestraf kan word vir al Jesus se navolgers se opstandigheid teen die Romeinse owerheid. Want hy weet dat die Romeine so 'n opstand met geweld sal onderdruk. En dat hierdie geweld bykans die hele volk en alles wat vir hulle spesiaal is sal vernietig.

Ons sien hierdie vrees vir die vernietiging duidelik in vers 48. In vers 48 word daar duidelik verwys na 2 dinge van die volk wat die Romeine sal vernietig naamlik: die grondgebied en die nasie. Die

grondgebied met die tempel het natuurlik 'n heilige betekenis vir die volk gehad.

### **3. Kajafas se vervulde profesie**

Dit is die onmiddellike politieke probleem wat voorop staan by Fariseërs en die Joodse raad, die geestelike waarheid van Christus as Verlosser erken hulle nie. Tog weet ons dat Jesus wel uiteindelik deur die Romeine op Goeie Vrydag tereg gestel is. Maar ons weet dat Pilatus nie vir Christus as die sondebok sien nie. Hy bevind eintlik vir Jesus onskuldig in Johannes 19:6.

Maar soos ons reeds gesien het in vers 51 is Kajafas in sy amp as hoëpriester, eintlik besig om te profeteer in vers 51. Daar is in die Geestelike wêreld ook iets wat gebeur. En Kajafas speel ook hier 'n rol, alhoewel hy dit nie eers besef. Want as ons na Pilatus en die Romeine se optrede kyk, is Kajafas se profesie nie van toepassing op die opstand nie. Inteendeel lyk dit eerder of Pilatus uiteindelik bang is vir 'n opstand wat die deur die Joodse leiers georganiseer kan word, indien hy nie vir Christus skuldig bevind en ter dood veroordeel nie.

Daarom is dit uiteindelik duidelik dat Kajafas se uitspraak eintlik meer teologies is. Teologie is immers eerder die gebied wat meer by Kajafas se amp gepas het. Jesus Christus gaan sterf sodat die volk nie verlore gaan nie. Maar uiteindelik is dit nie die verlore gaan onder die hand van die Romeine of aardse owerheid nie. Dit is die tot neit gaan ons die toorn van die Vader. Die ewige verdoemenis wat die sonde oor die mens gebring het. Die sonde wat God uiteindelik nie net kan laat nie, maar met die dood moet straf.

Maar hierin sal Christus die een wees wat vir in die plek van al die mense verlore gaan. Daarom word die profesie van Kajafas op Goeie Vrydag vervul. Christus is die een wat verlore gaan sodat die volk

gered kan word, omdat hulle dan nie vir hulle eie sondes moet betaal nie.

### **4. Die bymekaarkom van die verstrooide kinders**

Tog bly dit alles ver. Dit lyk of hierdie dinge 2000 jaar gelede in Israel vasgevang is. Die volk in Israel is ver van ons. En die tempel is uiteindelik wel afgebreek. Maar dit is juis hier waar vers 52 so duidelik met ons praat. Hierdie profesie van Kajafas sterk soveel verder. Dit breek uiteindelik deur tyd en ruimte. Daarom geld dit vandag ook.

Sien vers 52 maak dit duidelik dat die prys wat Christus as sondebok betaal vir meer as die onmiddellike volk daar rondom is. Dit is ook vir die verstrooide kinders van God regoor die wêreld. Uiteindelik weet ons dat die offer van Christus genoegsaam is vir verlossing van die ganse mensdom. Maar dit is uiteindelik net effektief vir die uitverkore kinders van God, waarin die Heilige Gees ook die geloof werk. Met ander woorde die Kerk van die Here.

En dit is baie belangrik dat ons hier na die kerk verwys. Want deur Sy offer aan die kruis koop Christus Sy bruid los met Sy bloed. Sy bruid is natuurlik die kerk, waarvan ons vandag die voorreg het om deel te wees. Want waar die Joodse leiers en miskien selfs Pilatus dink dat hulle die koning van die Jode op Goeie Vrydag tereggestel het. Juis daar weet ons dat Christus opgestaan het, en as koning van alle konings reageer. En dit is juis hier waar ons dan die eenheid sien. Die eenheid van die ware kerk met Jesus Christus as die enigste hoof en verlosser. Dit is hierdie eenheid onder die verstrooide kinders van die Here wat Pilatus onwetend profeteer. En dit is juis hierin wat ek aan jy ook vanoggend op 'n besondere manier gebind word aan wat om en by 2000 jaar gelede op die eerste goeie Vrydag plaasgevind het. Ons is as verstrooide kind van God teruggeroep huis toe.

## 5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met 'n laaste gedagte. 'n Laaste raakpunt tussen ons en die Joodse Raad in die tyd van die kruisiging. Dit is duidelik dat hulle vir Christus, Sy boodskap en Sy regering verwerp. Derhalwe het hulle ook geen belang in die verlossing wat daar van Hom af kom nie. Ons sien dit ook in ander navolgers van Christus op aarde. Hulle belang, lê in 'n onmiddellike verlossing uit alle swaarkry en verdrukking hier op aarde. En wanneer dit dan blyk dat Christus dit nie gaan bewerkstellig nie, verloor hulle belangstelling.

Ons sien vandag dikwels gelowiges hierdie selfde pad inslaan. Baie mense vandag dink dat die Christelike geloof se enigste doel my voorspoed en gemak in hierdie lewe is. Dat die verlossing van die Here bring verlossing uit siekte, armoede en swaarkry nou dadelik is. Alhoewel ons weet dat Christus ons elke dag versorg

wat nodig is, is die verlossing wat bewerkstellig is aan die kruis tog soveel meer.

Die probleem lê natuurlik in ons eie hoogmoedige gedagtes van onself. Ons dink ons verdien eenvoudig die beste van alles. Maar in werklikheid verdien ons die straf die oordeel en toorn van die Here, wat Christus aan die kruis verduur het. Dit probleem nog altyd, is net dat ons nooit sterk genoeg is om dit te dra, sonder om eenvoudig te sondig nie. Maar Christus het, sonder om ooit te sondig, die toorn van die Here einduit in ons plek gedra.

Daarom is dit vraag waarmee ons vanoggend uit mekaar gaan, of hierdie verlossing nog tot ons binneste spreek? Of ons hiervandaan met 'n dankbare hart gaan, en in 'n gebroke wêreld 'n dankbaarheidslewe gaan lei tot eer van die Here alleen.

Amen